

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
GESTUUR

Augustus 2016

VYF EIENSKAPPE VAN 'N GESTUURDE GEMEENTE

(Rietfontein-Suid se 2016 Jaartema is "GESTUUR...")

1. 'n Gestuurde gemeente het nie lidmate nie, net sendelinge. **Die gemeente het nie net 'n sendingkommissie nie, die hele gemeente is gestuur om die goeie nuus van God se koninkryk te leef.** Anders gestel: die gemeente is nie 'n doel op sigself nie. Die gemeente is die voorsmaak en instrut van God se genesende heerskappy. Waar mense in gehoorsaamheid aan God leef, word dit wat stukkend is heel.
2. 'n Gestuurde gemeente bestaan nie ter wille van homself nie, maar ter wille van die wêreld. Ons word geseën sodat ander deur ons geseën kan word. Die gemeente is God se gawe aan die wêreld en is 'n instrument in diens van God se lewensveranderende uitreik na die wêreld.
3. 'n Gestuurde gemeente verteenwoordig Jesus as diensknegte in ons gemeenskappe. Mense word nie gesien as objekte wat bereik moet word nie, maar as kosbare mense wat vanuit verhoudings gedien word. Hierdie soort diens is in navolging van die voetewassende diensknegt Jesus (Joh.13) en is net moontlik wanneer die Heilige Gees ons die krag gee om onself volgens Jesus se voorbeeld te verneder (Fil. 2:5-8).
4. 'n Gestuurde gemeente verstaan homself nie as 'n plek waar-

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

heen mense gebring moet word nie. **Ons is die kerk wat elke dag skouers skuur met mense buite die mure van die kerkgebou.** Die kerk wat tussen mense en saam met mense leef, werk, speel en kuier, vertel en leef die Goeie Nuus van God se heerskappy.

5. 'n **Gestuurde gemeente leef buite sy gemaksones en neem risiko's in gehoorsaamheid aan Christus.** Daarom is afhanklikheid van en vertrouwe op Christus en die Heilige Gees deur gebed, die Woord en gemeenskap met mekaar onontbeerlik.

(Hierdie staan geskrywe op NG Kerk Sonder Mure se webblad)

Ds L Tait

----- DATUMS VAN BELANG -----

- ♦ **8 Aug:** Skoolvakansiedag
- ♦ **9 Aug:** Nasionale Vrouedag
- ♦ **14 Aug:** 40 Dae Reeks Afskop
- ♦ **19 Aug:** Brood vir Nood Funksie
- ♦ **28 Aug:** Youthbash

Sien jou daar!



BOOMSLOPINGS & SNOEI
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST by 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

God se ja beteken ja

Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God.

Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooi gehoorsaam. - Deut. 7:9

Jesus Christus, Seun van God, is nie Een wat ja sê wanneer Hy nie bedoel nie. Hy doen altyd presies wat Hy sê Hy sal doen, en Hy voer dit uit en vervul al God se beloftes - dit maak nie saak hoeveel van hulle daar is nie - vir 'n duisend beslagte!

Die Bybel is vol van God beloftes. Jesus sal altyd elke belofte wat Hy gemaak het, nakom. As jy dus iets van God nodig het, soek 'n belofte in die Bybel en wees verseker dat Jesus dit sal nakom. Hy het nie verander nie, en Hy sal ook nooit nie.

Psalm 149:4 sê: 'Die Here is goed vir sy volk ...' God hou daarvan om jou Vader te wees. Hy geniet dit om al sy beloftes aan jou na te kom. Hou dit in gedagte wanneer jy eensaam, in nood, angstig of bekommerd is dat God nie sal weet of omgee wat met jou gebeur nie. Hy gee so baie om dat Hy jou tane in 'n boek opgeteken het (sien Psalm 56:9).

*Dankie, Here, vir u trou en liefde.
Ek weet ek kan op U staatmaak om in elke
geslag presies te doen wat U belowe,
selfs aan my kinders en kleinkinders,
as ons U gebooi gehoorsaam.
Daar is werklik niemand soos U nie.
Amen*

Dodie Osteen

OMGEE-BEDIENING

Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!
Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroeppe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief: Tommy Rademeyer Tel: 082 372 9803 of e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

KARWAS

Elke eerste Saterdag van die maand

Waar? Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

Pryse: was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

Tyd: 9:00-12:00

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.




Naaldwerkklas Donderdae

14:30-16:15

Almal welkom. Kom leer naaldwerk doen of as jy self vaardig is kom help dan die ander om te leer.

Kontak Afke 012 330 1400



MOOT CARE FUNKSIE

**19 AUGUSTUS 2016 OM 19:00 TE NG GEMEENTE
RIETFONTEIN-SUID KERKSAAL**

Die gaskunstenaar (sanger)


Dewald von Solms

- ♦ **HEERLIKE ETE MET
NAGEREG (INGESLUIT)
VIR **R100PP****
- ♦ **KAARTJIES BY ENIGE
VAN DIE GASVROUE BESKIKBAAR**



**OF KONTAK WILLA by 0723198292 OF
PETRO by 0720489856**

KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE

 **KITAAR:** leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.
Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.
Kom maak jou musiek-droom waar!
Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

40 DAE - STORIES VIR LEWE

40 Dae

Afskop

Sondag 14 Augustus

Stories vir Lewe



'n 40 dae van Jesus se woordprentjies wat jou vorm

(7 Gelykenisse in preke en 7 gelykenisse in die kleingroepe)



ONDERSTEUNINGS-BEDIENING

NG KERK RIETFONTEIN SUID INKOMSTE EN UITGAWES TOT 30 JUNIE 2016

	Werklik	Vorige Jaar
Inkomste	1,122,890.00	1,055,433.00
Uitgawes	<u>1,227,475.00</u>	<u>1,089,279.00</u>
Tekort	(104,585.00)	(33,846.00)

Die Gemeente se belegging by Stanlib word tans gebruik om vir lopende uitgawes te betaal.

Teen hierdie pas gaan die belegging nog net twee jaar beskikbaar wees.

Daar is **DRINGEND** 'n behoefte dat lidmate, met veral kennis van Finansiële bestuur, betrokke raak by die Taakspan vir Finansies.

